

## 22.2 BESWAARSKRIF: DR HF VAN WYK TEEN 'N BESLUIT VAN SINODE 2012 – LIED 348 (Artt 33, 37, 188)

- A. Dr HF van Wyk stel die Beswaarskrif.
- B. **Besluit:** Die Beswaarskrif word verwys na Kommissie Beswaarskrifte 2 – Liturgies.
- C. Ds HB Hattingh rapporteer namens die Kommissie Beswaarskrifte 2 – Liturgies.

### D. **BESWAARSKRIF**

Hiermee die ondergetekende se beswaar teen 'n besluit van Sinode 2012:396, 2.2.5:

2.2.5 <b>Besluit: Goedgekeur.</b>
-----------------------------------

#### **Beswaargrond 1: Heiligverklaring van 'n nag**

Drie maal in die lied kom die woorde "heilige nag" voor. Die Sinode het met die goedkeuring van die lied as 'n "Skrifgetroue lied" substansie gegee aan die feit dat sekere dae "heilig" verklaar kan word.

1. Daar is eksegeties geen grond dat Jesus in die nag gebore is nie. Trouens kan daar nie een kultuur-histories vasgestel word in watter maand of jaar Jesus gebore is nie. Hier word dus 'n spesifieke beeld ingedra wat nie Skrifgetrou is of kan wees nie.
2. Die woord heilig in die Ou Testament:
  - 2.1 Word primêr gebruik om die Wese van God te beskryf.
  - 2.2 Jesaja gebruik die term "Heilige van Israel" as heenwysing na die verlossingswerk van Christus.
  - 2.3 Die woord gebruik om persone te identifiseer wat uitsluitlik in die diens van God wat gebruik word. Voorbeelde is die priesters wat die tempeldiens verrig het asook Nasireërs.
  - 2.4 Die woord gebruik om voorwerpe te beskryf wat gebruik word tot eer van God. So lees ons van die tempelvoorwerpe wat slegs in diens van die Here gebruik kon word.
  - 2.5 Daar is geen Skrifverwysing na enige nag wat 'heilig' sou wees of waar daar enige rituele tot eer van God sou wees nie.
  - 2.6 Daar is 15<sup>1</sup> Skrifverwysings wat die idee kan wek van 'n heilige dag. Deeglike eksegeses van hierdie gedeeltes toon egter dat die dag nie heilig is nie, maar die byeenkoms en die interaksie tussen God en die mens. God beveel 'n rituele handeling wat die mens uitvoer gefokus op die eer van die Here.
  - 2.7 Die verbondsvolk, synde uitverkies deur God, word as eiendom van God 'heilig' genoem.
3. In die Nuwe Testament
  - 3.1 Word daar na God verwys as die 'Heilige'.
  - 3.2 Christus word die 'Heilige van God' genoem.
  - 3.3 Ons bid dat die Naam van die Here geheilig word.
  - 3.4 Die uitverkorenes word heiliges genoem.
4. Gevolgtrekking
  - 4.1 Daar is geen Skrifgrond dat 'n dag of nag geheilig is nie.
  - 4.2 Slegs op die feesdae tot eer van God was daar rituele om die heiligheid van God te vereer.
  - 4.3 Die geboortedag van Christus is die eerste trap van vernedering, en dan daarom nie 'n heilige dag/nag tot eer van God wees nie.

**Verzoek:** dat die besluit om Lied 348 in te sluit in die liedereskat van die GKSA op te neem, geskrap word.

<sup>1</sup> Eksodus 12:16; 16:23; Levitikus 23:3; 7; 8; 21; 24; 27; 35; 36; 37; Numeri 28:18; 25; 26; 29:1; 2

## E. RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE

### 1. Opdrag

Om die Sinode te adviseer ten opsigte van die hantering van die Beswaarskrif van dr HF van Wyk teen 'n besluit van Sinode 2012 om Lied 348 goed te keur vir gebruik in die erediens (22.2). Die beswaar is gerig teen die heilig verklaring van 'n nag. Die volgende omskrywing word gegee:

“Drie maal in die lied kom die woorde “heilige nag” voor. Die Sinode het met die goedkeuring van die lied as 'n “Skrifgetroue lied” substansie gegee aan die feit dat sekere dae “heilig” verklaar kan word.”

**Besluit: Kennis geneem.**

### 2. Beredenering

2.1 Die Beswaarskrif stel in pt 1: “Daar is eksegeties geen grond dat Jesus in die nag gebore is nie. Trouens kan daar nie kultuur-histories vasgestel word in watter maand of jaar Jesus gebore is nie. Hier word dus 'n spesifieke beeld ingedra wat nie Skrifgetrou is of kan wees nie.”

Die lied verbind egter nie die geboorte aan 'n bepaalde datum nie. Verder sluit Lied 348:2 aan by die engele koor en die herders aan wie die boodskap van die geboorte gebring is. Lukas 2:8 verbind hierdie gebeure aan die nag, terwyl Lukas 2:10 die geboorte “vandag” stel. Aangesien die Joodse dag met sonsondergang begin het, is die aanduiding baie sterk dat die geboorte wel in die nag was.

2.2 Die Beswaarskrif stel in die eerste gevolgtrekking (4.1): “Daar is geen Skrifgrond dat 'n dag of nag geheilig is nie.”

Eksodus 20: 11 stel egter: “Daarom het die HERE die Sabbatdag geseën en dit geheilig.” (OAV). Die woord ‘heilig’ beteken toewy, afsonder vir besondere diens (appoint, dedicate). In die Skrif word die woord gebruik vir enige iets wat die Heilige God aan sy diens toewy. Dit geld vir mense en voorwerpe, maar kan ook geld vir 'n dag soos die Sabbatdag wat deur God aan sy diens toegewy is.

Die dag van die geboorte van Christus is 'n besondere dag in die raadsplan van God. Galasiërs 4:4 stel dat Hy gebore is in die volheid van die tyd. Wanneer ons die dag heilig noem, is dit 'n erkenning van die feit dat die Heilige God almagtig in beheer is in die uitvoering van sy raadsplan en dat Hy self die dag en tyd aan sy diens gewy het.

2.3 Die derde gevolgtrekking (4.3) stel: “Die geboortedag van Christus is die eerste trap van vernedering, en dan daarom nie 'n heilige dag/nag tot eer van God wees nie.”

Die teendeel is egter dat die engele kore daardie nag die lof van God besing het en aan Hom al die eer gegee het. Christus se vernedering kan tog nooit as onheilig beskou word nie. Dit was immers nie die werk van die duiwel nie, maar van die Heilige God. Die Nagmaal wat die dieptepunt van sy vernedering, die dood aan die kruis, gedenk, word met reg die ‘heilige’ Nagmaal genoem al kom die begrip nie so in die Bybel voor nie.

**Besluit: Punte 2.1 tot 2.3 kennis geneem.**

### 3. Gevolgtrekking

3.1 Daar is wel Skriftuurlike aanduiding dat die geboorte van Christus in die nag plaasgevind het.

3.2 Die dag en tyd van die geboorte is in God se raadsplan bepaal en is daarom deur God self aan sy diens gewy.

3.3 Om die nag ‘heilig’ te noem, is 'n erkenning dat die Heilige God almagtig in beheer is van die uitvoering van sy raadsplan. Dit word juis gedoen om aan God die eer te gee.

**Besluit: Punte 3.1 tot 3.3 kennis geneem.**

### 4. Aanbeveling

Die Beswaarskrif slaag nie.

**Besluit: Goedgekeur.**